# DIE SKIETLOOD

188ste Uitgawe 19 Maart 2021
saam met Koersvas 188

## Die Dordtse Leerreëls

**Eerste hoof leerstuk; aangaande die Goddelike predestinasie**
Verwerping van die dwalings waardeur die Nederlandse Kerke 'n tyd lank in beroering gebring is:

**Teks**
*5. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die onvolkome en nie-beslissende uitverkiesing van spesifieke mense tot saligheid het tot stand gekom uit die vooruitgesiene geloof, bekering, heiligheid en vroomheid, wat óf net begin het óf al 'n tyd lank geduur het. Die volkome en beslissende uitverkiesing het egter tot stand gekom uit die volharding in die vooruitgesiene geloof, in bekering, in heiligheid en in vroomheid tot die einde toe. Dit is die waarde van die genade en die evangelie waarvolgens hy wat uitverkies word, waardiger is as hy wat nie uitverkies word nie. Die geloof, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, vroomheid en volharding is dus nie vrugte of gevolge van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie, maar noodsaaklike voorwaardes en oorsake daarvan. In die geval van uitverkorenes, is dit vooraf vereis en vooruitgesien asof hulle dit reeds volbring het. Die Sinode leer: Dit is in stryd met die hele Skrif wat hierdie en dergelike uitsprake telkens weer in ons ore en harte inskerp: Die uitverkiesing is nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep (Romeine 9:11). Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (Handelinge 13:48). Hy het ons in Hom uitverkies ... om heilig ... te wees (Efesiërs 1:4). Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies (Johannes 15:16). As dit deur genade is, is dit nie meer uit die werke nie (Romeine 11:6) Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het (1 Johannes 4:10).*

**Verklarende opmerkings**
Die Remonstrante het die leer aangaande die uitverkiesing verstaan as 'n saak met twee duidelike vlakke. Die eerste vlak is die onvolkome uitverkiesing en die tweede is die volkome uitverkiesing. Hulle het die eerste faset verstaan as die onvolkome en nie-beslissende uitverkiesing ten opsigte van die moontlikheid dat die mens die saligheid mag ingaan. Sodanige benadering lei tot 'n verstaan van God as onseker, onvas en hinkend op meer as een gedagte. Daarmee saam het hulle die uitverkiesing gekoppel aan geloof wat in die vooruitsig geplaas is. Hierdie geloof, bekering, heiligheid en vroomheid is deur God in die toekoms gesien. Sodanige geloof kon nog net begin het, of reeds 'n lang tyd geduur het.
Hierdie dwaling moet uitgewys word vir dit wat impliseer word. Buiten vir die twee-deling van die uitverkiesing met twee vlakke van werke as faktor tot redding, is daar ook ander implikasies wat ondersoek moet word. Die feit is dat hierdie benadering 'n spesifieke soort werke en gepaardgaande verdienstelik-

heid in die oog het. Dit wat God in die toekoms sien, of selfs die potensiaal wat God voor die skepping reeds raakgesien het, maak sekere mense geskik vir die saligheid - dit is niks anders nie as verdienstelikheid van die mens ten opsigte van die saligheid.

Hierdie voorwaarde tot uitverkiesing - geloof wat vooruit-gesien is, vind sy volle beliggaming (volgens die Remonstrante) in die volkome en beslissende uitverkiesing wat aan sekere eienskappe gesien word. Die lys van werke is juis net dit; werke wat hulle beweer die mens red. Hierdie werke is: Volharding in die geloof wat God vooruit-gesien het; bekering (wat ook in kiem reeds teenwoordig was); heiligheid van die mens; en vroomheid tot en met eie dood of die wederkoms. Dit is duidelik uit hierdie lys dat God en mens hiervolgens in vennootskap is.

Indien daar enige twyfel sou wees oor die saak, stel die volgende sin baie duidelik dat die waarde van die Evangelie daarin lê dat die een wat uitverkies is, meer waardig is as die een wat nie verkies is nie. Hierdie stelling neem weg van God wat sonder aansien des persoon Sy genade uitdeel soos Hy wil. Die ontvangers van hierdie genade is volgens die Remonstrante hierdie genade waardig.

Dan kom die Remonstrante tot die gevolgtrekking dat die *geloof, geloofs-gehoorsaamheid, heiligheid, vroomheid en volharding dus nie vrugte of gevolge van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid is nie, maar noodsaaklike voorwaardes en oorsake daarvan*. Die dankbaarheid van gelowiges word met ander woorde oorsaak en gevolg van die waardigheid wat gemaak het dat God hulle uitverkies. Ironies is dat die benadering wat nie in mense die kwalifikasie vir uitverkiesing wou vind nie, met hulle benadering dit juis in die mens as waardige wese plaas. Romeine 9:11 "*Electio non est ex operibus, sed ex vocante" - verkiesing is nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep.*

Die Remonstrante beweer dat die mense wat uitverkies is, reeds vooraf bewys gelewer het dat hulle sal volhard. Buiten die determinisme wat in hierdie gedagte opgesluit lê, is dit duidelik dat hulle klem lê op die mens, die mens se werke en die mens se waardigheid.

**Teks**

*6. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Nie elke uitverkiesing tot saligheid is onveranderlik nie, maar sommige uitverkorenes kan verlore gaan en gaan inderdaad ook vir ewig verlore, nieteenstaande enige besluit van God. Die Sinode leer: Met hierdie growwe dwaling maak hulle God veranderlik en vernietig die troos wat die vromes uit die vastigheid van hulle uitverkiesing put. Ook weerspreek hulle die heilige Skrif wat leer dat die uitverkorenes nie verlei kan word nie (Matteus 24:24); dat Christus almal wat deur die Vader aan Hom gegee is, nie sal verloor nie (Johannes 6:39), en dat God die wat Hy vantevore verordineer, geroep en geregverdig het, ook verheerlik het (Romeine 8:30).*

**Verklarende opmerkings**

Die Remonstrante se bewering dat mense wat uitverkies is, tog afvallig kan raak: Die mens is volgens hulle so in beheer dat ongeag enige besluit deur

God, die mens deur afvalligheid selfs die uitverkiesing kan kniehalter en ontspoor. Hulle beweer dat iemand wat uitverkies is, deur 'n lewe van sonde en onheiligheid, tog verlore kan gaan.
Die eerste fout wat hulle maak, is om geloof en afvalligheid op dieselfde vlak as uitverkiesing te verstaan. Daar is verskillende kategorieë wat in ons teologiese denke afsonderlik hanteer moet word. Die een kan met die ander te make hê, maar word nie noodwendig bepaal nie. So is dit waar dat geloof en uitverkiesing met mekaar te make het. Om die streep reglynig te trek, is egter nie gerade nie. Die wispelturigheid van die mens en ook die mens se geloof en geloofslewe, maak dit dwaas om geloof op 'n direkte manier aan die uitverkiesing te koppel.
In antwoord hierop moet ons die sinode se antwoord ter harte neem. Geloof is nie die waarborg van die saligheid nie; en tog leer ons in geloof dat ons uitverkies is tot die ewige lewe by God. Dit is juis ons troos en bron van krag. Soms struikel ons, huiwer ons in die geloof. Hierdie menslike stryd kan sekerlik nie die mens laat val tussen hemel en hel nie. Die uitverkiesing is 'n duidelike troos te midde van die aanvegtinge wat gelowiges ervaar.

**Teks**

*7. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Daar is in hierdie lewe geen vrug, geen besef en geen sekerheid van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie, behalwe dié wat van 'n veranderlike en onsekere voorwaarde afhang. Die Sinode leer: Nie alleen is dit ongerymd om te beweer dat daar 'n onsekere sekerheid is nie, maar dit stry ook met die ervaring van die heiliges. Uit die besef van hulle uitverkiesing verheug die heiliges hulle saam met die apostel en roem hulle in hierdie weldaad van God (Efesiërs 1). In gehoorsaamheid aan Christus verbly hulle hulle saam met die dissipels dat hulle name in die hemel opgeskrywe is (Lukas 10:20). Ook stel hulle die besef van hulle uitverkiesing teenoor die vurige pyle van aanvalle van die duiwel, terwyl hulle vra: Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? (Romeine 8:33).*

**Verklarende opmerkings**

Die Remonstrante belas elke gelowige met onsekerheid. Terwyl die Bybel ons leer dat ons in die Here se genade veilig is, het hulle geleer dat daar geen sekerheid in die geloof gevind kan word nie. Dit is volgens hulle nie moontlik om na die vrugte van die geloof te kyk, die eie gewete te ondersoek of enige sekerheid in eie hart te vind nie. Die volkome uitverkiesing is bron van onsekerheid, selfs vir hulle wat in toewyding lewe.
Die woord veranderlik val ook op, so al asof God nie seker is nie, of dalk elke keer van plan kan verander. Die Skrif is God se openbaring en ons bely dat ons alles in die Skrif leer wat ons vir ons saligheid nodig het. Die gebruik van 'veranderlik' trek net so ook 'n streep deur die raadsplan van God (in die Skrif genoem) en die heilsgeskiedenis.
Dit is inderdaad absurd om te praat van die onseker sekerheid van die uitverkiesing. Iets is seker, of dit is nie seker nie. Onsekere sekerheid is 'n teenspraak in eie wese - *contradictio in terminis.* Dit word ook duidelik uit die

lewens, ervarings en getuienis van die heiliges - vorige geslagte gelowiges - dat God die mens troos met 'n sekerheid in geloof wat troos en bemoedig. Ons lees in Lukas 10:20b: "*wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is*".

**Teks**

*8. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God het oor niemand bloot kragtens sy regverdige wil besluit om hom in die val van Adam en in die gemeenskaplike staat van sonde en verdoemenis te laat bly nie. Ook het Hy in die gee van die genade wat vir die geloof en bekering nodig is, besluit om niemand verby te gaan nie. Die Sinode leer: Dit staan vas: Hy is barmhartig oor wie Hy wil, en Hy verhard wie Hy wil (Romeine 9:18), en: Die is aan julle gegee om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie (Matteus 13:11), en: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir die wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het. Ja, Vader, so was dit u welbehae (Matteus 1:25,26).*

**Verklarende opmerkings**

Die Remonstrante het beweer dat die Here by die sondeval nie 'n oordeel oor die sonde en derhalwe oor alle mense uitgespreek nie. Die formulering wat gebruik word, laat dit lyk asof God die outeur is van die mens se ellendige bestaan. Die geskiedenis is tog duidelik: God het die mens die keuse gegee en die gevolge van die verkeerde besluit duidelik uitgespel. Die mens het (onder verleiding van die bose) die verkeerde besluit geneem en moet nou die gevolge van die sonde dra. Dit is nie God wat die mens in die ellende van sonde en dood gedompel het nie, dit is die verkeerde keuse van die mens wat gelei het tot hierdie veroordeelde bestaan. Dit is die gevolge van die mens se keuse, nie God se keuse in terme van ons ellende nie. Die teendeel is die waarheid. Die oomblik na die onvermydelike oordeel uitgespreek is, het God reeds die hoop op verlossing gegee met die Moederbelofte.

Die tweede fout wat die Remonstrante maak, is om God se regverdigheid en God se wil aan mekaar te verbind. God is inderdaad regverdig. God se oordeel oor sonde is regverdig. God se wil aan die ander kant, is nie dat die mens verlore moet gaan nie. God se wil is dat die mens lewe en in ewigheid by Hom sal wees. In 'n sekere lig kan ons stel dat die mens nou God se wil en God se regverdigheid teen mekaar wil afspeel of onregmatig aan mekaar wil koppel. Die vermenging van ons denk-kategorieë maak dat ons in die proses die verlossing en God se genade verkeerd verstaan.

Daarmee saam maak die Remonstrante die fout om genade te koppel aan geloof en bekering. Natuurlik is geloof en genade in die geheimenis van God se liefde aan mekaar verbind. Die band is egter nie 'n kousale een nie. Met reg word van slegs genade en slegs geloof gepraat as werkroepe van die Reformasie. Hoe die twee verweef is, kan ons nie ten volle uitpluis nie. Dit is egter onskriftuurlik om te praat van " die genade wat vir die geloof en bekering nodig is".

**Teks**

*9. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Dit is nie enkel en alleen die welbehae van God wat die oorsaak is waarom Hy die evangelie eerder na die een as na die ander volk stuur nie. Dit gebeur omdat die een volk beter en waardiger is as die ander aan wie die evangelie nie meegedeel word nie. Die Sinode leer: Dit ontken Moses as hy die Israelitiese volk soos volg toespreek: Kyk, aan die HERE jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is. Maar net aan jou vaders het die HERE 'n welgevalle gehad om hulle lief te hê, en Hy het julle, hulle nageslag ná hulle, uit al die volke uitverkies, soos dit vandag is (Deuteronomium 10:14,15). En Christus het gesê: Wee jou, Gorasin, wee jou, Betsaida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het (Matteus 11:21).*

Die gesprek aangaande die saligheid van hulle wat nie die Evangelie hoor nie, kom vervolgens aan die orde. Die Remonstrante verklaar die situasie deur daarop te wys dat die een volk waardiger as die ander is. Volke wat die Evangelie nie waardig is nie, gaan nie die Evangelie ontvang nie. Daarteenoor stel die opstellers van die Dordtse leerreëls dat dit God is wat in beheer is. God is inderdaad die Een wat roep, die Een wat optree na eie welbehae.

Hierdie gesprek hoort eintlik nie eers hier tuis nie. God se denke is nie totaal aan ons geopenbaar nie. Om te spekuleer oor die welbehae van God en die meriete van volke, is om die voor-die-hand-liggende te ignoreer. Die oortuiging dat die Here Sy genade vir alle mense uitgiet, moet ons roep tot sending. Die gebrek aan sending is ter sake. Dit is buite ons verwysings-raamwerk om te spekuleer oor God se interaksie met nasies en volke. Ons het 'n duidelike opdrag ontvang; die taak is reeds deur die Here Jesus opgesom in Matteus 28:19-20: " *Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld*." So ook Handeling 1:8 "*Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld*." Die gesprek oor ander nasies is met ander woorde 'n aanklag teen die gelowiges wat nie die Evangelie verkondig nie.

Wat gebeur by die verkondiging van die wonderlike boodskap is 'n geheimenis; wat tussen God en volk, God en mens gebeur, is bokant ons begrip. Dit neem nie weg dat ons die Evangelie moet verkondig nie. God het gekies om Homself in hierdie eindtyd aan die mens te openbaar deur Sy Woord. Ons moet die Woord verkondig. God gaan deur Sy Gees doen wat God gaan doen. Ons opdrag is om te verkondig.